PREEKNOTA

Datum: **29/09/2024**

1. Ons lewe in ‘n wêreld van “gouer as later”.

Psalm 23:5-6 (AFR53) [5]U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor. [6]Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae.

2. Wat is die gevaar van “gouer as later”?

Matteus 4:1-4 (NLV) [1]Daarop het die Gees Jesus die woestyn ingelei om deur die duiwel versoek te word. [2]Nadat Hy vir 40 dae en 40 nagte gevas het, het Hy naderhand baie honger begin word. [3]Toe kom die versoeker na Hom toe en sê vir Hom: “As jy dan die Seun van God is, beveel hierdie klippe om brode te word.” [4]Maar Jesus het hom geantwoord: “Nee! Daar staan in die Skrif geskryf: ‘’n Mens het meer as brood nodig om van te lewe. Wat jy eintlik nodig het, is om te leef van elke woord uit God se mond.’”

A) DIE VYAND GAAN JOU ALTYD VERSOEK MET ‘N “KORTPAD”.

B) ‘N KORTPAD IS DIKWELS ‘N TYDELIKE OPLOSSING VIR ‘N GROTER PROBLEEM.

Daniel 1:8-16 (NLV) [8]Daniël het egter besluit dat hy nie homself met die koning se kos en drank gaan verontreinig nie. Hy het die hoofamptenaar versoek om nie daarvan te eet nie. [9]God het gemaak dat die hoofamptenaar van Daniël hou en hom goedgesind is. [10]Hy het egter vir Daniël gesê: “Ek is bang vir die koning. Hy het bepaal dat julle hierdie kos en drank moet gebruik. As hy sien dat julle nie so goed lyk soos die ander van julle ouderdom nie, gaan julle my kop laat rol by die koning.” [11]Daniël het toe vir die persoon onder wie se sorg die hoofamptenaar Daniël, Gananja, Misael en Asarja geplaas het, gesê: [12]“Toets tog u dienaars vir tien dae lank. Gee vir ons net groente om te eet en water om te drink. [13]Kyk dan ná tien dae hoe ons voorkoms vergelyk met die jong manne wat wel die koning se kos eet. U kan dan besluit om met u dienaars te maak soos u goeddink.” [14]Hy het met Daniël ooreengekom en hulle tien dae lank op die proef gestel. [15]Aan die einde van die tien dae het Daniël-hulle beter en gesonder gelyk as die jong manne wat die koning se kos geëet het. [16]Daarom het die amptenaar hulle vrygestel van die koning se kos en drank. Hy het vir hulle groente gegee om te eet.

3. Watse kortpaaie gebruik ons in ons verhouding met God?

Markus 8:1-4 (NLV) [1]Ongeveer dieselfde tyd was daar weer ’n groot menigte mense by Jesus. Omdat hulle nie kos gehad het nie, het Jesus sy dissipels nadergeroep met die woorde: [2]“Ek is baie jammer vir hierdie mense, want hulle is nou al drie dae by My en het niks om te eet nie. [3]As Ek hulle met leë mae huis toe stuur, gaan hulle langs die pad van honger doodgaan. Party van hulle kom ook nog van ver af.” [4]Sy dissipels antwoord Hom toe: “Hoe op aarde sal ons in hierdie verlate wêreld kos kry vir al hierdie mense?”

4. Spandeer jy tyd saam God om iets van Hom te kry, of om Hom te leer ken?

Psalm 23 (AFR53) Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie. [2]Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen. [3]Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil. [4]Al gaan ek ook in ‘n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my. [5]U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor. [6]Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae.

Jesaja 55:1-3 (NLV) [1]“Almal wat dors is, kom na die water toe. Selfs al het jy geen geld nie, kom, koop en eet. Kom, koop wyn en melk sonder prys en geld. [2]Hoekom spandeer julle julle geld op dit wat nie brood is nie? Hoekom werk julle vir iets wat nie kan versadig nie? Luister mooi na My, dan sal julle eet wat goed is, en versadig kan word met die beste wat te kry is! [3]Luister tog, kom na My toe. Luister na My dat julle kan lewe. Ek is gereed om ’n ewige verbond te sluit. Ek wil my troue liefde aan julle betoon soos Ek aan Dawid belowe het.

5. Sit jy aan die tafel wat God gedek het?

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

KONTAKPERSONE:

Gemeentepredikant:
MARIUS MALAN - 082 804 0436
marius@kg.org.za

Gemeentebestuurder:
RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaan@kg.org.za

Faktotum:
ANDRÈ VAN DER WALT - 073 960 9499
andre@kg.org.za

PREDIKANTE:

13 - 18 jaar:
KATIE REIMERS
016 004 0016 I katie@kg.org.za
FRANCO PIENAAR
074 885 2511 I franco@kg.org.za

19 - 29 jaar: TOMMIE ARPIN
082 342 6245 I tommie@kg.org.za

30 - 39 jaar: JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 I jonathan@kg.org.za

40 - 49 jaar: EDOHAN BURGER
084 570 0669 I edohan@kg.org.za

50 - 59 jaar: NICO VAN AS
082 973 3895 I nico@kg.org.za

60 jaar en ouer: LUCAS NIEMAND
083 233 4000 I lucas@kg.org.za

Hoek van **Ravel**- en **Abrahamstrate**
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES

BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655